

29 September

Eksodus 2:11-22

(Teks:2:11-15) Moses se optrede lyk só reg - en tog was dit verkeerd

Hoewel Moses die beste opvoeding in die paleis geniet het, het hy sy volk nie vergeet nie. Toe hy 40 jaar oud was, "het die verlange by hom opgekóm om te gaan kyk hoe dit met sy mense gaan" (Hand 7:23). In sy hart het die gedagte reeds opgekóm om sy volk te verlos. Hy het verkies "om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om die kortstondige genieting van sonde te hê" (Hebr 11:25). En dis dan by dié geleentheid dat Moses 'n Egiptenaar doodslaan wat 'n Israeliet mishandel het.

Hierdie optrede lyk vir ons reg. Hier is 'n man wat nie maar net praat nie maar doen. En tog was Moses se optrede verkeerd! God het hom nog nie geroep nie. En wat meer is: Wanneer God hom roep, kry hy nie opdrag om 'n swaard te hanteer nie, maar die staf van God! In plaas dat hy wag vir *God se tyd en wyse*, loop hy die Here vooruit met sy eiemagtige, dwase optrede. En daarom moet Moses 40 jaar in die woestyn gaan bly om geduldig God se tyd af te wag.

Soos Moses vergryp ons ons so dikwels aan die wil van die Here. Ons is nie bereid om op die Here te wag nie. Ons wil die Here vooruitloop - met bittere gevolge. Hou op met u eiewilligheid en vlug tot Jesus Christus, wat ons sondes aan die kruis gedra en uit die dood opgestaan het. En bid dat die Heilige Gees u ongeduld sal wegbrand.

Sing Psalm 131:1-3

Dr. C.J. Malan (Emeritus)